STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 24 - 2017 • EDITION 24 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners

Op pad na 'n funksie by die Drostdy Teater leer ken ek vir Marius. Marius wys vir my en my man parkeerplek aan. Ons ry nie met CL 1 nie, want ek is nogal suinig dat 'n bestuurder nie die hele aand vir my moet sit en wag nie. Marius verwelkom ons met groot vriendelikheid en trots in sy omgewing.

Hy gee vir ons aanwysings na die teater, want hy dink ons is besoekers. Hy kyk mooi na ons veiligheid en toe ek my aan hom bekendstel by ons terugkoms, wys hy onmiddellik vir my die stukkende straatlig uit. Wat 'n absolute bate vir ons dorp as ambassadeur en besorgde inwoner, ten spyte van sy moeilike omstandighede. My wens is dat elke inwoner soos Marius sal wees, want dan bou ons 'n wonderlike gemeenskap wat omgee.

Waterbesparing

Grote genugtig maar Maartmaand het ons gebraai in die somerson! En sonder water lyk ons openbare tuine maar asvaal. In belang van waterbesparing sal ons maar daarby verbykyk. Kan u glo dat party besighede en huiseienaars steeds hul grasperke natmaak? Help asseblief om hierdie probleem uit te roei; die volgende 2 maande is krities vir waterbesparing. Ek wonder of die vermorsers al gedink het hoe 'n toilet funksioneer sonder water?

Paasfees en Pesach

Paasfees en Pesach is verby en ek hoop dat dit vir almal 'n geseënde en besondere ervaring was. Mag dit vir almal geestelike verryking bring. Hierdie tyd word ook gekenmerk deur baie spesiale vakansiedae

Dear Residents

On my way to a function at the Drostdy Theatre I met Marius. Marius shows my husband and I where to park. We don't drive with CL 1 because I am frugal and don't want a driver to have to sit and wait for me the entire evening. Marius welcomes us with great friendliness and pride in his environment.

He gives us directions to the theatre because he thinks we are visitors. He looks after our safety and when I introduce myself to him on our return, he immediately shows me a broken street-light. What an absolute asset for our town as an ambassador and concerned resident, despite his challenging circumstances. My wish is that every resident will be like Marius, because then we can build a wonderful society that cares.

Water saving

Goodness did we fry in the summer sun during March! And without water, our public gardens are ashen. But in the interest of water conservation we will look past it. Can you believe that some businesses and homeowners are still watering their lawns? Please help us eradicate this problem; the next two months are critical for water conservation. I wonder if the wasters have thought of how a toilet will work without water.

Easter and Pesach

Easter and Pesach is over and I hope it was a blessed and special experience for everyone. May it bring spiritual enrichment to all. This time of year is characterised by several special holidays like Freedom Day

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8314
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

CAN-projek
CAN project
bl/pg 4

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY INITIATIVE
SSI

soos Vryheidsdag en Werkersdag. Ons vier ons demokrasie op 27 April, die datum waarop Suid-Afrika se eerste volle demokratiese verkiesing in 1994 plaasgevind het. Ek wil u aanmoedig om hierdie dag ook te vier met vreugde en dankbaarheid. Dit was 'n keerpunt in ons geskiedenis.

Verkeersdruk

Ek verwelkom die gereelde kommentaar en terugvoer van ons inwoners oor Munisipale sake en toekomsplanne. Dit is noodsaaklik vir gesonde en deursigtige regering. So het die ondersoek na 'n moontlike westelike verbypad as 'n moontlike verligting van ons verkeersdruk, ook reeds baie terugvoer ontlok - baie daarvoor, sommiges daarteen. Dit is egter in hierdie stadium slegs 'n opsie wat ondersoek word. Die provinsiale regering het ingestem om te betaal vir 'n lewensvatbaarheidstudie hieroor. Ek sal u op hoogte hou oor die vordering. Ons moet egter alle moontlikhede ondersoek, want daar moet oplossings gevind word vir die ernstige verkeersdruk wat ons tans in Stellenbosch ervaar. Ons kyk egter ook na verskeie ander opsies soos parkeer-en-ry (park and ride), waar voertuie op die buitewyke van die dorp parkeer en dan met openbare vervoer inry, moontlike eenrigtingstrate, die ontwikkeling van parkeerplek vir busse en vele ander opsies. U kan gerus vir my skryf hieroor. En uiteraard sal daar openbare deelname prosesse wees hieroor.

Munisipaliteit en Besigheid

U sal onthou dat ek 'n paar maande terug vir u genoem het dat ek begin het met die Burgemeester Besigheid-Forum. Sedert ons aanvangsvergadering het ons hard gewerk om die verteenwoordigers van die onderskeie sektore te kontak en opvolg vergaderings te hou. Ek het saam met die Burgemeesterskomitee en direkteure dan ook onlangs afgevaardigdes ontmoet van die eiendomsontwikkelingsektor waar ons uitdagings en ons drome vir ons area vir die toekoms bespreek het. Daarna het ons ook nog 'n vergadering gehou met verteenwoordigers van verskeie besigheidsektore. Dit is opwindend om te sien hoeveel mense ons visie vir 'n sterk en volhoubare ekonomie vir die groter Stellenbosch deel. En dit is net so goed om van huidige struikelblokke te verneem.

CAN-projek

Graag herinner ek u dat die Eikestad-inkopiesentrum die versamelpunt is vir die Stellenbosch CAN-projek. Hierdie projek samel blikkieskos in vir Stellenbosch Voedingsaksie. Die blikkieskos word gebruik om maaltye voor te berei vir mense in nood. Ek ondersteun heelhartig hierdie projek en wil dankie sê vir al die rolspelers en almal wat al geskenk het. Die doelwit is om 20 000 blikkies vanjaar in te samel. Die projek strek tot die einde Mei en ek wil graag almal aanmoedig om 'n skenking aan die projek te maak. Inisiatiewe soos hierdie is uiters belangrik, help asseblief! *Sien bl. 4*

Begroting

Ek het aan die einde van Maart ons konsepbegroting ter tafel gelê. Dit is is 'n konserwatiewe begroting met die klem op infrastruktuur vir basiese dienslewering. Ons sou graag nuwe en lekker projekte wou aanpak, maar daar is soveel opgraderings en ou projekte wat voltooi moet word, dat ons eers gaan fokus

and Workers Day. We celebrate our democracy on 27 April, the date on which South Africa's first fully democratic election took place in 1994. I want to encourage you to celebrate this day with joy and gratefulness. It was a turning point in our history.

Traffic congestion

I welcome the regular comments and feedback from our residents regarding municipal issues and plans for the future. It is necessary for healthy and transparent governance. The possibility of a western bypass, to relieve traffic congestion, received a lot of reaction, mostly for the proposal and some opposing it. At this stage, it is however just a suggestion that is being investigated. The provincial government has agreed to fund a feasibility study. I will keep you informed of the progress. We must however investigate all possibilities because solutions have to be found for the extreme congestion that we are currently experiencing in Stellenbosch. We are also looking at several other options, for example park and ride, where vehicles are parked on the outskirts of town and then drive in with public transportation, possible one-way streets, the development of parking space for buses and many other options. You can write to me in this regard. And of course, public participation processes will form part of this.

Municipality and Business

You will remember that a few months ago I have mentioned to you that I launched the Mayoral Business Forum. Since our first meeting we have worked hard to contact the representatives of the different sectors and to conduct follow-up meetings. Along with the Mayoral Committee and the directors, I recently met with some representatives of the property development sector, where we discussed our dreams for the future for our area. This was followed by meeting with representatives of several business sectors. It is exciting to see how many people share our vision for a strong and sustainable economy for the greater Stellenbosch. And it is just as important to hear about some of our current obstacles.

CAN project

I would like to remind you that the Eikestad Mall is the collection point for the Stellenbosch CAN project. This project collects canned foods for Stellenbosch Feeding in Action. The canned food is used to prepare meals for people in need. I whole-heartedly support this project and want to thank all the role-players and everyone that have made donations. The goal is to collect 20 000 cans this year. The project runs until the end of May and I want to encourage everyone to make a donation to this project. Initiatives like this are extremely important, please help! *See pg. 4*

Budget

At the end of March, I tabled the concept budget. It is a conservative budget with the focus on infrastructure for basic service delivery. We would have liked to take on new and fun projects, but there are so many upgrades and old projects that need to be completed that we are first going to focus on

op die basiese regruk. Hierdie konsep word nou oopgemaak vir openbare deelname en sal tydens die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)- sessies bespreek word. U is welkom om kommentaar te lewer. Ek verseker u alle insette sal oorweeg word en aan die Raad voorgelê word alvorens die finale begroting aan die einde van Mei aanvaar word.

Bouplanne

Ons het onlangs ontdek dat verskeie instansies en mense ontwikkel of gebou het sonder bouplanne of goedkeuring. Dit beteken daardie eiendomme is nie op ons belastinglys geregistreer nie. Indien u dalk ook in so 'n situasie is, stel dit asseblief vinnig en vrywillig reg, want as dit ontdek word, kan groot boetes opgelê word. Verder is dit eenvoudig net onregverdig dat almal nie bydra tot die munisipale inkomste nie. Hoe groter en wyer die belastingbronne is, hoe laer kan die koerse wees. Ons sal mettertyd ook onwettige elektrisiteitstelsels aanspreek en onwettige huiswinkels. Kom ons werk almal saam en verseker n regverdige stelsel vir almal.

Blarekombers

Herfs is reeds met ons en die goue en rooi blare begin reeds val. Mag u almal hierdie mooi tyd in ons pragtige dorpies geniet. En vergewe my as ons in sekere openbare parke en plekke nie die pragtige blarekombers verwyder nie. Dis goeie kompos en 'n pragtige natuurverskynsel. In baie plekke in Europa en Amerika reis mense van ver om na die herfs-skouspel te gaan kyk. Uiteraard moet ons paaie en dreineringslote skoonmaak, maar ek hoop u geniet die blareskou net soveel soos ek.

Groete,
Burgemeester Gesie

getting the basics in order. This draft is now available for public participation and will be discussed during the Integrated Development Plan (IDP) sessions. You are welcome to comment. I can assure you that all your input will be considered and submitted to the Council before the final budget will be approved at the end of May.

Building plans

We recently learnt that several institutions and people developed or built without building plans or approval. It means that those properties are not registered or being properly taxed. If you are possibly in such a position, please rectify it quickly and voluntarily because if it is discovered large fines will be issued. Furthermore, it is unfair that everyone does not contribute to the municipal income. The bigger r and more extensive the tax sources are, the lower the rates will be. In due time we will also be addressing illegal electricity systems and illegal home shops. Let us all work together to ensure a just system for everyone.

Blanket of leaves

Autumn is already with us and the golden and red leaves have begun to fall. May you all enjoy this beautiful time in our lovely towns. And forgive me if we don't remove the beautiful blanket of leaves in some public parks and spaces. It is good compost and a beautiful natural phenomenon. In many places in Europe and the United States people travel great distances to see the autumn spectacle. Of course we have to clean our roads and drainage ditches, but I hope you enjoy the show of leaves as much as I do.

Best wishes,
Mayor Gesie

HERWIN. RECYCLE.

Donate a Can

AND MAKE A DIFFERENCE



Adopt a can-do attitude and donate cans of food to relieve hunger in Stellenbosch.

Collection points in Eikestad Mall.